

Maandag

Geloofsgehoorsaamheid 10 1 Kor. 15: 56; Rom. 7: 5,6,7-13, 24,25; 8: 1-4; 13-15.

Teks: Rom.8: 2 “Die wet van die Gees wat aan jou in Christus Jesus die lewe gee, het jou vrygemaak van die wet van sonde en dood.” Tema: “God verlos ons van die wet as die krag van ons sondige aard deur ons sy kosbare kinders te maak.” In 1 Kor. 15: 56 maak Paulus hierdie ingrypende stelling: “die sonde kry sy krag uit die wet van God.” Wat maak sonde so kragtig dat ons dit doen, al weet ons dit is verkeerd en al weet ons dit is goed en reg om te doen wat die wet van God vir ons sê? Omdat ons die volgende oortuigings het, het ons nie begrip vir wat Paulus hier stel nie: Ouers glo graag dat dit hul kinders se slegte maats is wat hulle sonde só kragtig maak dat ouers feitlik magteloos daarteenoor staan; party predikante, priesters en pastore glo weer dat dit die krag van die duiwel en demone is wat mense se sonde so kragtig maak; Mense wat in verhoudings met mekaar leef, wil weer glo dat dit een of ander persoonlike afwyking is wat ’n geliefde se sonde so kragtig maak; teenoor die kragtigheid van hul eie sondes glo mense weer dit is hulle slegte kinderjare wat hul sonde só kragtig in hulle maak. Paulus stel teenoor al hierdie wanopvattinge: die sonde kry sy krag uit die wet van God uit, dit is uit die Tien Gebooie uit! In Rom. 7 stel hy dat dit die Tien Gebooie is wat die sondige hartstogte binne ons wakker en kragtig maak. (Rom. 7: 5); dit is die Tien Gebooie wat elke soort begeerte in ons aan die gang sit en sonde ’n vastrapplek in ons lewe gee. (Rom. 7: 8) en ons word deur die Tien Gebooie mislei om sonde te doen en vir God dood te wees (Rom. 7: 11) - dus nie slegte vriende, demone, persoonlike afwykings of slegte kinderjare nie! Preek beskikbaar op google by ngkerklevubu.co.za Ds. Petrus

Dinsdag

Geloofsgehoorsaamheid 10 1 Kor. 15: 56; Rom. 7: 5,6,7-13, 24,25; 8: 1-4; 13-15.

Teks: Rom.8: 2 “Die wet van die Gees wat aan jou in Christus Jesus die lewe gee, het jou vrygemaak van die wet van sonde en dood.” Tema: “God verlos ons van die wet as die krag van ons sondige aard deur ons sy kosbare kinders te maak.” Paulus noem die Tien Gebooie waardeur ons mislei word om sonde te doen in Rom. 8:2 “die wet van sonde en dood.” Hierdie is die wet van groot oor klein, soos tussen ’n groot boetie en ’n klein boetie! Klein boetie sit agter die rekenaar en speel ’n speletjie. Al waaraan hy dink en voor lus is, is die speletjie: watter gedroeg hy moet doodmaak, watter wapens hy moet gebruik en hoe hy meer punte kan kry. Dan kom sy groot boetie in met sakke koekies en koeldrank, gaan bêre dit en kom sê vir sy klein boetie: “Ek en my groot vriende gaan Vrydag ’n partytjie hou. Jy los ons koekies en koeldrank in die kas uit!” Wat gebeur nou deur hierdie 'wet' : “moenie my koekies vat nie.” Klein boetie kyk nog na die droggies op die skerm maar al wat hy op die skerm raaksien, aan dink en voor lus is, is koekies. Sy groot boetie se 'wet' het hom kragtig in sy begeerte gemaak - dis nie slegte vriende, demone, moeilike kinderjare of persoonlike probleme nie. Wat is die krag van hierdie 'wet' dat dit die klein boetie gefokus en gemotiveerd vir sonde maak? Dit gaan oor groot en klein! Met sy wet het sy groot boetie vir hom gewys hy is die kleintjie en hy mag nie saam met die grotes

eet en drink nie. Met elke koekies wat hy nou vat en eet, wys hy, hy is nie klein nie en sy boetie is nie so groot as wat as wat hy om probeer hou nie. Die Tien Gebooie van sonde en dood (Rom.8:2) is hoe God se wet die krag word vir mense om doelbewus, doelgerig, en gemotiveerd sonde te doen: om te wys jy is nie so klein en swak as wat jy hoor die almagtige God met sy wette jou maak nie en om jouself met jou sonde groot teenoor die Almagtige God te bewys. Preek beskikbaar op Google by ngkerklevubu.co.za Ds. Petrus

Woensdag

Geloofsgehoorsaamheid 10 1 Kor. 15: 56; Rom. 7: 5,6,7-13, 24,25; 8: 1-4; 13-15.

Teks: Rom.8: 2 "Die wet van die Gees wat aan jou in Christus Jesus die lewe gee, het jou vrygemaak van die wet van sonde en dood." Tema: "God verlos ons van die wet as die krag van ons sondige aard deur ons sy kosbare kinders te maak." God se wet self wys nooit hoe groot God en hoe klein mense is nie. Paulus verwerp dit summier deur te sê: "Die wet is dus heilig, en sy voorskrifte is heilig en reg en goed." (Rom. 7: 13) God wys vir mense in sy wet hoe kosbaar hulle en hul lewe vir God is. Dit is die mens se sondige geaardheid wat "groot en klein" hoor, wanneer God kosbaarheid wys. Paulus stel dit só: "Inteendeel, die sonde het vir my die dood gebring. Dit het die sonde gedoen deur iets wat goeds is, sodat die sonde in sy ware aard as sonde bekend sou word en dit deur die gebod sou blyk hoe skrikwekkend die sonde is." (Rom. 7: 13) Die sondige geaardheid van die mens werk só: wanneer God vir ons in sy wet wys hoe Hy ons lei in die volle betekenis van ons lewe en hoe Hy ons wil bewaar dat ons nie die bedoeling van ons lewe as mens verloor en só ons self verloor nie, dan hoor mense met hul sondige aard God ons net wil inperk sodat ons nie so groot, so kragtig, so wys, so selfgenoegsaam en onafhanklik soos Hy sal word nie, en dat Hy ons met sy wette net wil klein en swak hou. Ons sondige aard maak dat ons alles wat God vir ons in sy wet sê ons hoor as 'n magstryd tussen God en ons, oor groot en klein! Dit is die regte probleem! Mense met goeie vriende, sonder demone, sonder enige persoonlikheidsversteurings en mense met goeie kinderjare, hóór God se wet as sy manier om ons klein en swak te maak en Homself groot en magtig te hou! Dit is hierdie geaardheid van mense wat God se wet die wet van sonde en dood maak. (Rom.8:2) Dit maak ons lus en gemotiveerd vir sonde en reg om met God te baklei oor hoekom ons sy koekies mag vat! Preek beskikbaar op Google by ngkerklevubu.co.za Ds. Petrus.

Donderdag

Geloofsgehoorsaamheid 10 1 Kor. 15: 56; Rom. 7: 5,6,7-13, 24,25; 8: 1-4; 13-15.

Teks: Rom.8: 2 "Die wet van die Gees wat aan jou in Christus Jesus die lewe gee, het jou vrygemaak van die wet van sonde en dood." Tema: "God verlos ons van die wet as die krag van ons sondige aard deur ons sy kosbare kinders te maak."

Christus het nie net gekom om ons van ons sondeskuld te verlos nie, maar ook van die doodsbestaan, dat ons altyd net 'n magstryd van groot teenoor klein hoor binne God se wet. Hoe kan dit? Volgens die koekievoorbeeld werk dit só! Pa en Oubet sit en braaivleis hou, eet steak, drink bier en bespreek die boerdery vir die volgende

dag. Kleinboet kom verby hulle geloop met sakke vol koekies en koeldrank, gaan sit dit in die kombuis en kom sê vir Ouboet met 'n kwaai stemmetjie: "Moenie my koeldrank en koekies in die kas vat nie!" Gaan hierdie wet van kleinboet, Ouboet lus maak vir koekies en koeldrank? Dit gaan nie. Hy en pa gaan so bietjie vir kleinboet lag en dan luister Ouboet na al Pa se pligte en take vir die week, wat Ouboet wil hoor en lus is om te gaan doen. Teenoor kleinboet is daar nie 'n magstryd van wie groot en klein is nie en teenoor sy pa weet ouboet hoe kosbaar is hy vir sy pa! Só verlos Christus ons van die doodsbestaan dat ons God se wet altyd net hoor as 'n geveg oor inperking en onderdrukking! Christus maak ons nie die groot God se kleintjies nie. Hy maak ons God die Vader se kosbare kinders. (Rom.8:15) Liefde maak nie groot en klein nie. Liefde maak kosbaar! Deur ons geloof in Christus ken ons, ons kosbaarheid vir die Vader, nie ons kleinheid nie en wil ons, ons pligte en take hoor en in sy liefde uitvoer. Só hoor ons in die geloof die wil van ons Vader as die Tien Gebooie van die Gees. (Rom.8:2) Christus het die krag van die wet-tot-sonde verbreek deur die wet nou die-wil-van-God-se- kosbare-kinders te maak: "Nou kán ons aan die eise van die wet voldoen." Rom. 8:4 Preek beskikbaar op Google by ngkerklewubu.co.za Ds. Petrus.

Vrydag

Geloofsgehoorsaamheid 10 1 Kor. 15: 56; Rom. 7: 5,6,7-13, 24,25; 8: 1-4; 13-15.
Teks Rom.8: 2 "Die wet van die Gees wat aan jou in Christus Jesus die lewe gee, het jou vrygemaak van die wet van sonde en dood." Tema: "God verlos ons van die wet as die krag van ons sondige aard deur ons sy kosbare kinders te maak." Om jou deur jou sondige natuur te laat beheers (Rom.8: 5), is om God se wet te hoor as 'n magstryd tussen God wat Ouboet is en jy wat kleinboet is. Daarteenoor: om jou deur die Gees te laat beheers, is om God se wet te hoor as die wil van God die Vader wat jou sy kosbare kind laat wees. (Rom.8: 9,14,15) Geestelikes maak vandag mense se sondige geaardheid die krag van hulle geestelikheid. Volgens ons voorbeeld werk dit só: Ouboet weet wat kleinboet gaan doen, wanneer hy vir hom gaan sê hy moenie sy koekies vat nie. Daarom vang Ouboet vir kleinboet met hierdie slenter: Hy maak kleinboet een van die groot seuns wat met die grootseuns saamkuier. Ouboet maak kleinboet 'n grootseun. Só gebruik (misbruik!) ouboet die krag van sy kleinboet se geaardheid (om grootseun te wil wees) om kleinboet te beheer soos hy wil. Dit is die wyse waarop geestelikes vandag mense se sondige geaardheid die krag maak van hulle geestelike bedrywe! Hulle maak asof God Ouboet is wat kleinboet grootseun maak! Só preek hulle dat God sy goddelike krag, mag en lewe met jou deel en jou God se grootseun maak. Maar... om jou te laat glo jy is God se grootseun, verbreek nie die mag van jou sondige geaardheid om nie klein te wil wees nie. Dit bekragtigt dit! Hierdie ouboetgod is die afgod wat geestelikes opmaak sodat hulle jou sondige aard om God se grootseun te kan wees tot hulle voordeel kan bedryf. God is egter nooit jou Ouboet nie. Met hierdie verdraaiing bly die geestelikes egter steeds in beheer. Geestelikes manipuleer jou as kleinboet teenoor hulle as ouboetas terwyl hulle die boodskap verkoop dat jy God se groot seun is. God maak jou egter nie groot nie. God die Vader maak jou as mens kosbaar, sy kind, sodat jy nie saam met

God sy goddelikheid deel nie, maar jy die pligte, die opdragte en voorskrifte van sy wet hoor en aanvaar as die wil van jou Vader. Preek beskikbaar op Google by ngkerkevuvu.co.za Ds. Petrus.